Central Provincial Loft
Sentrale Provinsiale Hok

34267, FAUNASIG 9325, ☎083 511 8736 ,
086 741 0540, strydomk@mtnloaded.co.za
www.bosveldsales.co.za

VERSLAG 2013 SEISOEN / REPORT 2013 SEASON

Baie dankie aan elke deelnemer wat hierdie jaar die Sentrale Provinsiale Hok ondersteun het. Dankie dat u ons vertrou het met u kosbare duiwe.

Die hok het 'n baie suksesvolle 2013 seisoen beleef, ten spyte van die groot terugslag met die afsterwe van ons afrigter, Dawie Wiese kort voor die vliegseisoen. Marius Annandale het hom egter baie goed van sy taak gekwyt en het die hok sonder moeite oorgeneem en voortgegaan met die program. As gevolg van 'n goeie voorkomende behandelingsprogram, goeie voeding en baie versigtige voorbereiding van die jong duifies vir padwerk en daarna 'n goeie oefenprogram, het ons hierdie jaar uitstekende syfers behaal en kon ons daarin slaag op 70% van die hok se innames vir 2013 te mandjie vir die finale wedvlug vanaf Prince Albert Road, waarvan 92% teruggekeer het hok toe.

Die veiling wat op 24 September 2013 plaasgevind het was ook 'n groot sukses en almal het lekker gekuier en geëet en natuurlik duiwe gekoop. Die ekonomie het ons egter 'n bietjie geknyp en pryse was laer as wat verwag is. Die Ace Pigeon van Clinton en Glaus Parsons wat vir R9,000 verkoop is, was die duurste duif op die veiling. Weereens het een en elkeen wat duiwe hanteer het ons gekomplimenteer met die vorm en kondisie van die duiwe.

Baie dankie aan elkeen wat gehelp het om die veiling 'n sukses te maak. Dit was harde werk en die "Vriende van die Hok" het weereens hul kant gebring. Baie dankie daarvoor. Julle getroue ondersteuning word regtig waardeer.

Dankie ook aan Derick Streak van Diamond Pigeon Stud wat vir ons die trofeë vir die drie Beste Jongduiwe en die drie Beste Ope duiwe geborg het. Dit was 'n groot verrassing vir elkeen wat 'n trofee gewen het en hierdie pragstukke sal vir baie jare met trots uitgestal word.

Die Sentrale Provinsiale Hok het nou 3 suksesvolle jare agter die rug en kon elke jaar daarin slaag om sy adverteerde prysgeld uit te betaal. In 2014 beoog ons ook om 'n "Jackpot" te implementeer wat, indien dit goed ondersteun word, die totale prysgelde wat aan die deelnemers uitbetaal word 'n hupstoot tot meer as R1 miljoen te gee.

To every fancier who entrusted their precious birds to our care a word of heartfelt thanks. We do appreciate your support.

The loft experienced a very successful 2013 season, despite the set-back of the tragic death of our trainer, Dawie Wiese. Marius Annandale took over and continued with the program without any problems and did an exceptional job. We managed to basket 70% of the total intake for the final from Prince Albert Road of which 92% finished the race. We contribute the success to a good preventative treatment program, balanced feeding, careful conditioning of the youngsters for roadwork, followed up by extensive tossing.

The auction took place on 24 September and was a huge success, despite lower prices than anticipated, mainly due to economic reasons. Clinton and Glaus Parsons' Ace pigeon at R9,000 fetched the highest prize of the auction. Once again every fancier who handled the pigeons complemented us on their form and condition.

To all the "Friends of the Loft" who contributed to the success of the auction a huge word of thanks. We really appreciate your help and support throughout the year.

Derick Streak from Diamond Pigeon Stud sponsored the trophies for the three Best Yearlings as well as the three Best Open Birds. It was a great surprise to all recipients and we are sure that these trophies will be exhibited with pride for years to come. Thanks for your support Derick.

The Central Provincial Loft now completed three successful years and was able to pay all advertised prizes throughout the years. In 2014 we also intend to launch a "Jackpot" which, if well supported, will increase the prize money available to fanciers to a total of more than R1 mil.

Best wishes for 2014

Koot Strydom